


Augustus 2022

GEBEDSKALENDER

Oorgegee in gebed

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
31	1 Wat is HOOP? Om 'n verlange na iets te hê met 'n vaste verwagting dat dit in vervulling sal gaan.	2 Oordink: Wie is Lynnwoodrif se gemeenskap? Hoe lyk'n "gemeenskap van hoop?"	3 Bid vir die lidmate van die gemeente wie, as gevolg van verskeie omtandighede, hoop verloor het.	4 Bid vir die gemeenskap rondom die gemeente, vir die herstel van hoop in elkeen se hart.	5 Bid vir Sondag se woordverkondiging: Vir die predikers se voorbereiding en dat die voorbereide harte.	6 Dankie Here dat ek ook 'n draer van hoop in hierdie gemeenskap kan wees.
7 Loof die Here: "Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker.." (Heb 6:19)	8 Oordink: Die fondasie van ons hoop is in Jesus Christus (Rom10:9)	9 Oordink: Elke volgeling van Jesus het die opdrag om hierdie hoop te deel (Markus 16:15)	10 Bid vir geleentheid in die gemeenskape waar hierdie hoop gedeel kan word.	11 Bid vir elke lidmaat in die gemeente, wanneer daar 'n geleentheid is om hoop te deel, dat ons dit sal doen.	12 Bid vir Sondag se woordverkondiging: dat die gemeenskap die hoop wat ons in Jesus het, sal hoor.	13 Dankie Here, dat ons kan weet dat die fondasie van ons hoop nooit sal wankel nie.
14 Loof die Here, die Skepper van alles wat daar is. (Ps136)	15 Oordink: Wat is die gevolge / resultate wanneer daar hoop in 'n gemeenskap is?	16 Oordink: "Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed." (Rom 12:12)	17 Bid dat die gemeenskap nie hoop sal verloor in tye van misdaat en politieke onstabieliteit nie.	18 Bid vir elke lidmaat om te volhard in die opdrag om hoop te deel, daar waar elkeen elke dag is.	19 Bid vir Sondag se woordverkondiging: vir vreugde en blydskap vir elkeen wat die Woord hoor.	20 Dankie Here, vir U liefde vir my, vir die hoop wat ek in U het.
21 Loof die Here, die bron van alle vreugde en vrede.	22 Oordink: "Ek maak jou 'n lig vir die nasies..." (Jes 49:6)	23 Oordink: "Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vul..." (Rom 15:13)	24 Bid ook vir elke organisasie, huis van veiligheid en ander gemeentes wat hoop in die gemeenskap deel.	25 Bid "...die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes." (Matt 9:38)	26 Bid vir Sondag se woordverkondiging: dat die saad op vrugbare grond sal val.	27 Dankie Here, dat ek ook U lig in hierdie wereld kan wees.
28 Loof die Here en vergeet nie een van Sy weldade nie (Ps103:2)	29 Oordink: Aan die einde van hierdie maand, wat beteken die hoop in Jesus vir my?	30 Oordink: God het jou op jou naam geroep (Jes 43:1)	31 Bid: Here, gee my innerlike krag en selfvertroue om U hoopdraer te wees.	 <p><i>Kom na My toe</i> LYNNWOODRIF GEMEENTE</p>		